

DIE OORGANG VAN DIE SKOOL NA DIE UNIVERSITEIT

Deur Prof. H.B. Thom, Rektor,  
Universiteit van Stellenbosch.

(REFERAAT, S.A.O.U.-KONGRES, STELLENBOSCH, 29/6/66)

I Inleiding: die Onderwerp. | *Brie v. Sato: Vra my as  
gastpraker onderweg na opv.  
daar. B.v. oorgang van Skool  
na Univ.*

Aktuele probleem: Suid-Afrika en buiteland.

Verskeie sye daarvan: bv. persoonlike en akademiese.

Hier let ons egter net op akademiese. Wil hooftrekke stel -  
sou baie statistieke kon aanhaal, maar laat dit eers daar;  
statistieke sou later wel vir besondere optrede goed ge-  
bruik kon word.

Verder: Wil nie voorgee dat ek 'n oplossing het nie.

Wil eers en veral die probleem stel, en dan 'n benadering aan-  
bied. Wil hoogstens 'n weg aanwys.

II Omvang van die Probleem.

Met die oorgang van skool na Universiteit is dit vandag nie  
*Vakke anders so Ums. Chemie, Fisika*  
na wens gesteld nie. Baie druipelinge op universiteit.

Verlies van geld vir Staat en Universiteit en individu - of-  
skoon ons hiermee versigtig moet wees: as 'n eerstejaar stu-  
dent druip, is dit nie altyd en noodwendig 'n finansiële  
verlies nie.

Geestelike skade veel ernstiger saak: teleurstelling, frus-  
trasie, vernietiging van ideale.

By alle universiteite nie éners nie; en by alle vakke ook nie  
*I.s. militêre opleiding.*

Blaam word kwistig uitgedeel: skool, universiteit, ouer,  
student, professor ..... almal blameer onderwyssstelsel.

Hoe dit sy: daar is 'n kwaai gaping; vir baie jongmense - en  
soms verdienstelike jongmense - is die oorgang van die skool  
na die Universiteit 'n skok, 'n struikelblok, soms 'n ver-  
nietigende skok.

Uit/.....

Uit opvoedkundige oogpunt is dit 'n baie ernstige saak: die opvoeding is immers 'n proses, wat harmonies, ontplooïend en vloeiend moet verloop.

Omdat die blaam so kwistig uitgedeel word, omdat daar so baie sondebokke is, word begryplikerwyse ook baie - en uiteenlopende - oplossings, of sogenaamde oplossings, aangebied.

### III "Oplossings".

{ Addisionele skooljaar (ná Matriek).

Pre-akademiese jaar aan Universiteit.

Langer universiteitsjaar - tans net 8 maande, veral vir eerstejaar student nadelig. ✕ ✕.

Gedifferensiëerde kursusduur op Universiteit: bv. gewone graadkursus moet 3 of 4 of selfs 5 jaar duur, afhangende van die bekwaamheid (I.K.) van student.

Eerstejaar aan Universiteit moet minstens  $1\frac{1}{2}$  jaar duur.

(Al die voorgaande sal egter baie praktiese moeilikhede en ekstra koste meebring.)

Ouderdomsbepaling vir toelating tot Universiteit, bv. 19 jaar.

Of ook eenvoudig: Owerheid moet meer fondse beskikbaar stel - Provincies aan skole, en Sentrale Regering aan universiteite - Dan sal meer personeel aangestel kan word; kleiner klasse; meer intensiewe onderrig; meer geboue ens. Die saak is egter beslis nie so eenvoudig nie. - Gevare hiervan.

### IV Ingewikkeldheid van Probleem.

Kan nie deur een - of selfs almal - van hierdie "oplossings" opgelos word nie!

Nie één hiervan hou genoeg rekening met die mens nie. Ons het met die mens te doen, en juis daarom is die vraagstuk so ingewikkeld.

Mense: leerlinge, onderwysers, universiteitsdosente, ouers.

Dus/.....

Dus geen eenvoudige resep nie.

Huidige stelsel het ongetwyfeld gebreke, maar dit het ook verdienstes. Talle van jongmense het die oorgang van Skool na Universiteit met groot sukses deurgemaak, en het die Maatskappy op uitnemende wyse gedien. Kan miskien gesê word: Dit het geskied ten spyte van ons stelsel!

#### V. Wat staan ons te doen?

Soos ek gesê het, het ek nie 'n oplossing nie, geen hoë woord of toorwoord nie! Maar kan ons 'n weg aanwys?

Eerstens moet ons ons behoorlik van ons huidige stelsel rekenskap gee. Ons moet die tekortkomings sien. Ons moet ook let op veranderende tydsomstandighede, en nuwe eise wat gestel word. Ons moet bereid wees om veranderinge te maak.

Terselfdertyd: Ons moet die stelsel wat ons het, na die beste van ons vermoë gebruik.

Ouers: dat dit 'n voorreg is om kinders deur skool en universiteit te laat gaan.

Onderwysers en universiteitsdosente: dat hulle met groot verantwoordelikheid beklee ~~het~~ <sup>is</sup>, maar ook 'n groot geleentheid kry. X *8 stappe van U.S.*

Leerlinge: dat die jare op die skoolbanke van die grootste betekenis in hulle lewe is.

Studente: dat hulle 'n seldsame geleentheid kry, wat ten volle benut moet word. - Universiteitstudie nie 'n paspoort tot pret en plesier nie! X *1ste jaar van universiteit*

Laat ons nou ook 'n praktiese stap doen: Hierdie probleem, die oorgang van die Skool na die Universiteit, moet diepgaande ondersoek word; dit moet nou gebeur, en die mense wat dit moet ondersoek, is die mense van ons skole en ons universiteite.

Daar sal mense wees wat sê dis die taak van die Nasionale Onderwysadviesraad, ~~of die Geenvervangingstaak van Nasionale Onderwysadviesraad~~. Ons weet egter dat hierdie liggende

met ~~oorvol~~ <sup>nuwe</sup> program sit; en ons weet ook dat die onderhawige probleem ons skole en ons universiteite regstreeks raak en dat ons nie daarmee kan uitstel nie. ~~(X)~~

Ek wil voorstel dat die S.A.O.U. die inisiatief neem. Hy is 'n invloedryke liggaam en beskik oor 'n lang, trotse tradisie van diens aan die onderwys. Kan hy nie begin deur same-sprekings met die Universiteit van Stellenbosch aan te knoop nie? Die taak lê immers op ons albei se weg. Vanuit ons eie kring kan ons dan verder werk. Ons kan ook met ander saamwerk, en ons kan ons ondersoek en bevindings ook ten dienste van ander stel. *S.A.O.U. se besluit van vroeë aand. — Koerantberg (Cape Times).* Daarmee sal ons aan baie van ons jongmense 'n diens van blywende waarde kan lewer; en daarmee sal ons inderdaad ook Suid-Afrika as geheel kan dien.

\*\*\*\*\*

Wel reeds iets in hierdie richting gedoen:—

1. J.D. Muller: Universiteits-toelatting en die middelbare Skoolverse in S.A. as ge-integreerde folklore in versvoord weer druppeling aan die Universiteit (1955).
2. ~~Gom~~ Gemeenskaplike Matrikeladvocaad: 'n Statelike Studie in verbond met die aanleiding tussen Skool en Universiteit (1963). — Werk van prof. H.S. Steyn en helpers.
3. Twee studies van prof. P.S. du Toit oor NO. 2. — Die eenie, April 1966 en Junie 1966. (Tweede stuk beslaat die ~~toekomstige~~ komende jaar van die Nasionale Matrikeladvocaad oor NO. 2)

Nie een bewyf om egter die resultaat van noue samewerking tussen Skool en Universiteit nie!